

Efesiërs 2:4-10
11de Sond. na Trin. 07 Aug 20106

Liewe gemeente,

uit die skatkis van die Bybel hoor ons een van die wonderlikste teksgedeelte, wat, mits ons dit van harte opneem en opreg glo, instaat is om ons lewens oneindig te verryk en ons deur die tyd na die ewigheid te dra. Uit Paulus se brief aan die gemeente te Efesus lees ons uit hoofstuk 2:

Maar God se genade en liefde is baie groot. Selfs toe ons nog geestelik dood was in die sonde het Hy ons saam met Christus lewendig gemaak. Daarom is dit net deur sy goedheid dat Hy ons gered het. Hy het ons met Christus Jesus verbind sodat ons ook saam met Christus uit die dood lewendig gemaak is en saam met Hom 'n ereplek in die hemel gegee is. Wat Jesus Christus vir ons gedoen het, wys vir ons hoe goed God vir ons is. Dit sal vir altyd die bewys bly van hoe oneindig groot God se liefde vir ons is. Dit is net omdat God vir ons so goed is dat Hy ons gered het. Ons kon onself nie red nie, maar God gee vir ons verniet as ons op Jesus Christus vertrou. 'n Mens kan nie gered word deur iets wat jy self doen nie, en daarom is dit nooit jou eie prestasie waaroor jy kan spog nie.

Onthou, dit is God, wat ons gemaak het, maar Hy het ons ook 'n nuwe lewe gegee as gevolg van wat Jesus Christus vir ons gedoen het. Sy doel met hierdie nuwe lewe is dat ons sal lewe soos Hy dit wil hê - dat ons die dinge sal doen wat Hy vooraf vir ons bepaal het. (1984 Vertaling) (onder volg "Direkte Vertaling" 2015)

2

Julle is nie meer dood nie, maar lewe

¹*Julle was dood deur die oortredinge en sondes ²waarin julle vantevore geleef het volgens die bose lewenswyse van hierdie wêreld,* volgens die heerser wat mag uitoefen in die lug,* dié gees wat nou aan die werk is onder die kinders van die ongehoorsaamheid.* ³Ons almal het destyds ook so opgetree toe ons die begeertes van ons sondige aard en van ons gedagtes uitgeleef het. Ook ons, soos al die ander, was toe van nature kinders van die toorn.^y ⁴⁻⁵*Maar God, ryk in barmhartigheid, het ons, toe ons dood was deur die oortredinge, op grond van sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, saam lewend gemaak in •Christus^z — deur genade is julle verlos! ⁶*Ja, Hy het ons in Christus Jesus saam opgewek en saam laat sit in die hemel,^a ⁷sodat Hy in die tye wat voorlê bewys kan lewer van die allesoortreffende rykdom van sy genade* deur sy goedheid aan ons in Christus Jesus. ⁸Want uit genade is julle verlos, deur geloof.* En dit kom nie uit julle self nie; dit is die gawe van God.* ⁹Dit kom nie uit eie werke nie,* sodat niemand kan roem nie.* ¹⁰Van Hom is ons immers 'n maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke te doen* en daarvolgens te leef, soos God dit voorberei het.

^{2:1} Ef 2:5; Kol 2:13

^{2:2} waarin ... wêreld: Kol 3:7; Tit 3:3

^{2:2} volgens ... lug: Joh 12:31; Ef 6:12

^{2:2} kinders ... ongehoorsaamheid: 'n Semitiese idioom wat ook vertaal kan word "mense wat ongehoorsaam is"; vgl Ef 5:6.

^{2:3} kinders ... toorn: 'n Semitiese idioom wat ook vertaal kan word "mense wat onder die oordeel van God staan"; vgl Kol 3:6.

^{2:4-5} Hand 15:11; Ef 2:8

^{2:4-5} in Christus: Bronteks lui "saam met Christus". Die lesing van baie goeie manuskripte is egter in die vertaling gevolg.

^{2:4-5} toe ons ... Christus: Luk 15:24,32; Rom 6:13; Ef 2:1; Kol 2:13

^{2:6} Kol 2:12

^{2:6} hemel: Letterlik 'hemelse sfere'.

^{2:7} die allesoortreffende ... genade: Ef 1:7

^{2:8} Want ... geloof: Hand 15:11; Gal 2:16; Ef 2:5

^{2:8} die gawe ... God: Joh 4:10; Heb 6:4

^{2:9} Dit ... werke nie: Rom 3:28; 2 Tim 1:9; Tit 3:5

^{2:9} niemand ... roem nie: 1 Kor 1:29

^{2:10} geskep ... doen: Tit 2:14

Liewe uitverkorenes, bemindes in Christus, dankbaar is ek teenoor die Here dat ek self in hierdie geloof staan. Maar soos ek in die geloof groei het die Here ook vir my 'n bondgenoot aan my sy gestel van wie ek eintlik glad nie baie hou nie. En sy naam is **twyfel**. Laat my toe om inleidend iets oor hierdie bondgenoot te sê voordat ek by blymoedige **heilssekerheid** uitkom en ons ook as vrolike (Lutherse) Christene die toekoms tegemoed mag gaan.

Miskien was dit nie om dowe neutte nie dat Paulus hierdie gedeelte in sy brief invoeg omrede hy aan my en baie ander Christene gedink het wat nog altyd met twyfel te doen het. Ja, ons lees dikwels dat Paulus self geworstel en hoofstukke lank geworstel en geredeneer het. Dink bv aan laas week se teksgedeelte waar Paulus nadink oor die lot van Israel in Romeine 9-11, of hoe hy vrae van die gemeente ernstig opneem in ander briewe. Toe Jesus opgeneem is na die hemel en sy 11 dissipels by Hom was, lees ons, het sommiges geglo, ander het getwyfel. Miskien mag ek met julle deel waar by my twyfel opkom.

(i) Ten aansiens van so baie ongeregtigheid in die wêreld kom by my twyfel op. As Jesus dan verklaar het: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde, daarom gaan heen na die hele wêreld... (Matt 28:20) en as die Psalms dit herhaaldelik stel dat God na die hulpgeroep van die onderdrukte luister, waarom sien ons oorals oor sóveel globale en genaakbare ongeregtigheid. Een van die kardinale eienskappe is sy geregtigheid.

(ii) Waarom gaan dit met my so goed, en met ander mense gaan dit so sleg? Ander mense ly aan kanker, verloor hul' werk, gaan in depressie ... en nie omdat hulle onnosel dom is nie (ja sulke mense kry ons ook) maar bloot omdat die noodlot hulle getref het, of wie het hulle getref? God se oordeel?

(iii) Is dit korrek wat die Bybel alles vertel? Wonderwerke klink dikwels net té fantasties. Christenskap beteken dat “is iemand in Christus dan is hy 'n nuwe skepsel” - werklik? Waarom ly sommige Christene dan so oud, so droewig, so bitter?

(iv) Ander mense praat van gebed, en bid en bid maar dit blyk asof God nie hulle gebede verhoor nie. Hulle is diep terleurgestel in God. Nog ander mense wend hulle van die kerk af omdat ander medechristene hulle seer gemaak het. En ek wonder by myself: waarom kom die Woord van God nie by hulle aan nie? Waarom is daar so min insigte in vergifnis, in genade, in die geloofsgemeenskap - as dan die Heilige Gees ons tot insig van die waarheid bring, waarom is daar so min insigte?

Soms kan hierdie twyfel fundamenteel wees; sommiges begin twyfel of hulle enigsins nog glo? In die kortste boek van die Bybel, Judas, lees ons in vers 22 *Aan sommige wat twyfel, moet julle barmhartigheid bewys*. Want so sê hy verder, want God is by magte om diegene te bewaar wat twyfel! Dis vertroostend om te weet dat ek nie twyfel hoef te vrees nie asof ek nou veroordeel en hel toe sal gaan nie, want God hou sy bewaarende hand oor my. Vir Petrus sê ons Here Jesus Christus: ek het vir jou gebid, dat jou geloof jou nie begewe nie (Luk 22:32) So is dit dus nie my geloof wat my sal deurdra nie, maar Christus se geloof in my waarop ek mag vertrou. Om te twyfel is menslik - by Christene sowel as by ateïste (Christene mag twyfel of daar 'n God bestaan, en ateïste moet twyfel of God nie tog bestaan nie. Karl Ratsinger het eens geskryf: wie die onsekerheid van Christendom wil ontvlug, sal aan die onsekerheid van ongeloof blootgestel wees. Almal sal een of ander tyd tyfel) Daarom is dit nie óns geloof wat red nie, nie ons “besluit” om Jesus aan te neem nie, maar God se geloof in sy skepping wat deur die kruisdood en opstanding van sy Seun Jesus Christus verlos is. Die sin van die lewe, die inhoud van geboorte en dood, moet buitekant onself lê.

Voordat ek by Efesiërs kom, wil ek net ook tussen twee soorte twyfel onderskei. (i) Ons kry sulke mense wat in beginsel twyfel, mense wat van die staanspoor af besluit het dat daar bestaan geen sekerheid nie en ek sál myself nie laat kul deur sogenaamde sekerhede nie. Vir hierdie “beroepstifelaars” is geen Godsbewys moontlik nie wat wat jy ook al na die tafel toe bring, sal afgemaak word as spekulاسie. Dit is vir my ongeoorloofde, oneerlike twyfel. (ii) Maar daar bestaan ook die soort twyfel wat deur omstandighede en innerlike worstelstryd teweeg gebring word. Die meeste mense wat na Jesus toe gekom het, het gewonder of Jesus werklik die Seun van God, die Messias kon gewees het. Jesus gee hulle *woorde van lewe*, doen wonderwerke, verduidelik die samehang tussen die Ou Testament en die Nuwe Tydperk wat God bring. En sommiges het tot insig van die waarheid gekom (ander, soos vir die Fariseërs, was alle “bewyse” bloot 'n bevestiging dat Jesus boos was en absolut verwyder moes word). Soos vir Thomas en baie ander wat wou glo, maar op een of ander manier teruggehou was, openbaar Jesus Homself op baie persoonlike en unike manier. Ons wil die waarheid glo - en daarom moet ons telkens ook vra: is dit waar wat daar geskrewe staan? Dit is legitieme en gesonde twyfel. Maar die voorwaarde is eerlike soeke: “Here, ek glo! Help my ongeloof!”

Nou mag ek 'n paar riglyne gee wat jou sal help om verder te groei waar ek self uit ervaring mag getuig en vanselfsprekend die Bybel vir ons belowe dat ons in heilssekerheid sal toeneem.

1. Die eerste punt is dat **ons houding ene van openheid moet wees en ons denk doelgerig**. Maw ek besluit doelgerig: ek luister (of te wel, ek lees) asof die waarheid nou na my toe kom. En ek span my denke doelgerig in, om oor die Woord na te dink.

Somige mense wil alle antwoorde klinkklaar duidelik op 'n tablet opgedis ontvang. Somiges wil net reëls en regulasies. Hulle is die mening toegedaan dat as my uiterlike optrede onberispelik is, dan kan niemand my mos kritiseer nie en dan is ek reg, dan moet God my ook gelyk gee en kan ek beloning verwag; mense sal goed van my praat en ek kan vir myself sê: mooi so, hardwerkende mens. Sulke mense is lui in hul' denke. Maar 'n ware gelowige mediteer, laat dit toe dat die Woord my hart bereik en my denke sal beïnvloed.

Byvoorbeeld het ek vroër gedink, ek mag net dinge preek waarvan ek self oortuig is en wat ek self ook doen. Gou het dit vir my duidelik geword dat met hierdie maatstaaf ek eintlik net twee of drie sinne kan sê. Na twee of drie minute sou ek moes sê: "lieuwe gemeente, meer kan ek nie met eerlikheid preek nie. Amen." Ek het agter gekom dat nie my geloof of ongeloof verleen aan die preek beslag nie maar omgekeerd: die waarheid sal my vry maak! Die waarheid is die Waarheid - ongeag of ek daarin glo of nie, onafhanklik of ek self elke jota-en-titeltjie nakom aldan nie. Die Woord van Waarheid verleen lewe en saligheid, omdat God self in die Woord besig is om Homself te ontvou. Ek (of julle) as hoorders ontvang die Woord, en werk waarvoor dit gestuur is. En daarom is ek as prediker verplig om die Woord te verkondig, ongeag of ek self nog tyfel of nie. En dieselfde geld vir jou wat getuienis gee aan julle familieledes, aan werkskollegas, aan die pompjoggie by die vulstasie, aan politici of besigheidsmense, ens. Hulle almal is opsoek na die waarheid.

2. En daarmee is ek by die tweede punt. Deel die waarheid met ander. Of te wel deel ook jou twyfel met ander want **God werk in die geloofsgemeenskap**. As ek alles vir myself sou kon uitpluis sou ek nooit 'n boek oopmaak nie, sou ek ook nie eredienste toe kom nie, sou ek nie Bybelstudie bywoon nie, want ek kom mos self reg. Maar God het in sy genade dit so beskik dat ons mekaar opbou, mekaar vermaan, onderlings gemeenskap beoefen sodat ons mekaar troos en opbou. En in die voortdurende heen-en-weer kommunikasie deel God Homself mee. Ons almal saam gaan na die Nagmaalstafel toe om met Hom, met Jesus Christus self, gemeenskap te vier. En met die brood en wyn, ontvang ons Hóm, sy waarheid, sy Gees, sy lewe. Daarom wil ons ook vandag na die erediens gesprek voer want ek glo, ons geloofsgemeenskap deel in dieselfde opdrag en dieselfde voorreg om ons gemeenskap op te bou. Al waarin ons nog bietjie worstel is die vraag "hoe" doen ons dit? Kom ons gesels in die vertroude dat ons iets vir mekaar te sê het.

3. En die derde punt tov die vraag hoe ons met twyfel omgaan?, is: doen dit! **Doen die Waarheid!**

In hierdie opsig mag ek ook onderskei tussen twee soorte van doen. (i) Paulus se in Filipense 3:17 *Alles wat julle doen of sê, doen dit alles in die Naam van ons Here Jesus Christus en dank God die Vader deur Hom*. Dus vanaf ek opstaan totdat ek gaan slaap geskied alles in die atmosfeer van die teenwoordigheid van Jesus Christus. Of ek koffie-maak, toilet toe gaan, oproepe maak, my beroep uitoefen, stiltetyd hou, vererg is, besoeke doen - alles doen ek as verlosde, vrolike Christen saam met my Meester en Here Jesus Christus.

(ii) Maar dan is daar ook die doelgerigte take waarvoor ek tyd maak om spesifieke take uit te voer. Byvoorbeeld - die Bybel se vir ons om na die swakes en siekes om te sien. Maar ek dink by myself: "Ok, dis gaaf maar ek weet nie wat om te sê nie, ek is ongemaklik met siekes, ek sal nie hul' vrae kan beantwoord nie, ek het nie tyd nie, ens - nee dankie." Dis dan wanneer die Waarheid by ons verbygaan en die twyfel vermeerder. Omgekeerd: ek sê vir myself: "Ek gaan met die volmag en opdrag van Jesus self. Jesus wil 'n besoek aflê by die siekes en Hy wil dit deur my doen. Kom ek probeer." En soos ek gaan, soos ek "hallo" sê en begin gesels, soos ek iemand se hand neem en begin bid, gebeur daar dinge wat ek net kan beskryf as die lewende werklikheid van ons Here Jesus Christus. Terwyl ek dit gedoen het, word ek vry om dit weer te kan doen. Terwyl ek troos gegee het, word ek self vertroos. Terwyl ek vir genesing vir iemand anders gebid het, word ek self genees.

Dis wat ek bedoel met *Doen die Waarheid*. Menigte van ons kan by hierdie getuienis aansluit. Daar praat iemand met my, hoe hy vir mense by die werk ingestaan het wat onregverdig afgedank is. Hy was vertroude

met die reg en het gesien hoe 'n ongemanierde baas sy werkers roekeloos afgekraak het, en hy het die saak opgeneem. Dit het vir hom baie senuwees gekos, en baie tyd in beslag geneem, maar hy kon die situasie beredder en die slagoffers het na die tyd met groot dank na hom gekom: dankie, ek het nog my werk, ek kan nog vir my familie sorg. Raai wat, die man is toe self afgedank uit die firma. Maar hy het sy eie firma begin en saam met kolegas wat die Here vir hom gegee het, behartig hy nou ander sake in die gemeenskap.

Jy mag vra: nou wanneer kom ek nou by **Efesiërs 2** uit? Ek's nog heeltyd besig.

Efesiërs praat van die wonderlikste, verkwikkenste Evangeliewoord: *Julle is verlos! Julle verlede is vergewe. Julle is teenswoordig toegerus met alle hemelse gawes. En vir julle wink daar die allerheerlikste toekoms. Julle is waarlik goed af! Dít is die boodskap waarop die wêreld nog altyd gewag het en vir altyd nodig sal hê. Dit is die Christusgawe wat ons vertrous en bly stem.*

Julle is van kleins af vertrou met hierdie blymakende boodskap, maar die vraag is: glo ek dit werklik? Paulus skryf aan 'n gemeente wat reeds 'n gemeente is, maar dit was nodig om dit vir hulle nog 'n keer te sê want sommiges het getwyfel, sommiges is verwarrd, sommiges het lui geword.

So verduidelik Paulus nou in etlike kort sinne: *Daarom is dit net deur sy goedheid dat Hy ons gered het. Hy het ons met Christus Jesus verbind sodat ons ook saam met Christus uit die dood lewendig gemaak is en saam met Hom 'n ereplek in die hemel gegee is. Hierdie feit bly staan - soos ook die reënboog in die hemel bly staan - al word berge en dorpe deur donderende vloedgolwe meegesleur. **God se beloftes bly staan** al brand die woude en knatter die masjiengewere. **God is getrou** al loop die hospitale oor en word die leed deur menigte skeibriewe en huise en gesinne vermeenigvuldig. **Julle is gered** - al kry ons nie die kloutjie by die oortjie nie om uit te pluig: waarom dan nog leed en dood? Waar is dan die bewyse dat God werklik goed vir ons is? En Paulus antwoord: *Wat Jesus Christus vir ons gedoen het, wys vir ons hoe goed God vir ons is. Dit sal vir altyd die bewys bly van hoe oneindig groot God se liefde vir ons is.**

Geloof beteken mos juis dit dat ek myself met hart en oog en oor blootstel aan die geheim van Christus, dat ek lees en luister hoe God deur Christus aan die mense van ouds gewerk het en dan ook daarvan leer hoe Hy my in sy genadeverbond opneem en my in die volk van uitverkorenes insluit. Geloof beteken dat ek met God se krag rekening hou. Geloof beteken dat ek leef en is in God se genade. ... en dit ook wanneer katastrofes my oorval.

Laasens, Paulus skryf: *Onthou, dit is God, wat ons gemaak het, maar Hy het ons ook 'n nuwe lewe gegee as gevolg van wat Jesus Christus vir ons gedoen het. Sy doel met hierdie nuwe lewe is dat ons sal lewe soos Hy dit wil hê - dat ons die dinge sal doen wat Hy vooraf vir ons bepaal het.*

So mag ons ook ons werk en ambag sien - as 'n goeie werk in Christus. Die werke het Christus reeds vir ons gereed gehou dat ons dit sal dóén. En deur te doen, ervaar ons ook Christus se volheid in ons lewens. Natuurlik ervaar ons nie altyd die gevoel van vreugde nie - sommige dae doen ons maar net ons plig sonder dat enige iemand ons moeite waardeer - maar bid ons elke dag in ons stiltetyd dat God ook ons arbeid sal seën. Wat anders beteken dit, dat ons ons werk goed sal doen, soos God dit graag wil hê dat ons dit moet doen.

Die goeie werke is deur God voorberei. Jy kry alle vermoëns om goeie werke te doen deur die eenheid met Christus. Alle goeie werke is soos in 'n stoorkamer by God gebêre - en jy maak gebruik van hierdie hemelse stoorkamer. Hoe hierdie goeie werke dan lyk, dit sal by elke Christen anders lyk en jy sal weet wat om te doen.... Jy sal die regte uitsig op die lewe ontvang!

Sien, dit is **die geheim van 'n Christen**. 'n Christen behoort nie meer aan homself nie. 'n Christen se diepste wese is verborge in Christus. En Christus leer jy slegs ken, deur gereeld sy Woord te lees, met Hom in gebed te praat, deur Hom gereeld in die eredienste op te soek en jouself in goeie werke te oefen. En deur Christus te leer ken, leer jy jouself ken: Jy is 'n beminde van die Skepper; jy is in ewigheid geborge! Niks sal jou as kind van God van sy liefde skei nie. Erken jou status, jou identiteit, jou roeping - en leef dit uit!

Mag God gee dat ons die genade herontdek, daagliks! Mag God gee dat ons die rykdom en diepte van sy krag leer ken deur te doen wat Hy beveel het! Mag God ons in alle waarheid lei. Amen.

Here, wat geen mens vermag, vermag alleen u Woord!

Die laste wat ek dra, neem U en dra dit voort.

U Woord is krag, u Woord is lig

is hoop en troos vir ewiglik.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.